NHSV
Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

# Vroueflitse

## Winter 2025

*Medewerkers Vroueflitse Winter 2025-uitgawe:*

**Redakteur en bladuitleg**
*Mari-lizé Beukes*

**Subredakteur**
*Ds Janine Bevolo-Manders*
ABC-lys van goeie nuus!
(Geestesgesondheid)

*Marietjie Schutte*
Leer jou kind die waarde van gebed.
(Ouerbetrokkenheid)

**Taalversorging**
*Mari-lizé Beukes*
*Tessa Oppermann*


**Webblad**
www.nhsv.org.za – sien afdeling Publikasies vir *Vroueflitse*-skakel

Teken in op *Vroueflitse*: Stuur 'n e-pos aan Rozelda Nel admin@nhsv.org.za

Tel 012 325 0117
NHSV kantoor

*Vroueflitse* is 'n mondstuk van die NHSV met artikels gefokus op die toerusting van vrouelidmate.

Individuele skrywers dra self die verantwoordelikheid vir die feitelike inhoud van en beskouings in hul artikels.



*Wees lief vir God.*
*Wees lief vir jou naaste.*
*Wees lief vir jouself!*

# ABC-lys van goeie nuus!

*Ds Janine Bevolo-Manders*
*Gemeente Witfontein*

**Ek hoor dikwels mense sê: *Ek gaan nie meer nuus kyk nie, dis net slegte nuus. Dit is net misdaad, korrupsie en tragedies.* Nou en dan is ’n mens gelukkig en het hulle so aan die einde van die nuus ’n “goeie storie”, ’n “lekkervoelstorie”, maar dis maar raar. Ons honger na goeie nuus, na goedvoelstories.**

Watter soort “storiedraer” is jy? Dra jy goeie of slegte stories aan? Het jy al ’n bietjie opgelet na jou eie praat? Waaruit bestaan jou praat gewoonlik?

Gooi jy nog olie op die vuur en dra so by tot die koor van slegtenuussangers, of probeer jy let op wat jy praat en probeer jy eerder die “diskant” van positiwiteit sing?

Eggo jou woorde hoop, lewe, waarheid en positiwiteit? Bou jy op eerder as om af te breek, inspireer jy of kristiseer jy, spreek jy lewe of spreek jy dood?

As ek en jy die kuur gehad het vir kanker of vigs, sou ons beslis nie daaroor stilgebly het nie. Ons sou die goeie nuus met almal wou deel.




Ons beskik eintlik oor iets nog groter en beter – die kuur téén die sonde en die ewige dood. Ons weet wat nodig is om van ons sondes verlos te word en om vir ewig te lewe.

Daarom word die Woord van die Here die Evangelie genoem – dit beteken Goeie Nuus. Kom ons wees ingestel daarop om elke dag een brokkie goeie nuus met iemand te deel.

Hier volg ’n indrukwekkende ABC-lys van goeie nuus uit die Bybel:
*Aanvaar:* Jesus aanvaar jou net soos jy is.
*Beloftes:* Daar is ten minste een belofte vir elke dag in God se Woord opgesluit vir jou.
*Christus:* Hy is jou Verlosser.
*Doop:* My doop herinner my dat ek Jesus se kind is.
*Eer:* Jy kan God eer met jou hele lewe.
*Fantasties:* God het my en jou fantasties gemaak.
*Gees:* God se Gees woon in my.
*Heilige Gees:* Die Heilige Gees is my Trooster.
*In:* In Christus is ek ’n nuwe mens.
*Jesus:* Hy is my Redder, Leidsman en Vriend.

Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).


*Krag:* Hy gee my elke dag nuwe krag.
*Lag:* Hy gee my soveel om oor te lag en oor bly te wees.
*Moed:* Met die Here in my lewe, skep ek altyd weer nuwe moed.
*Nooit:* Die Here slaap nooit.
*Oorwinnaars:* In Christus Jesus is ons Oorwinnaars.
*Pret:* Die Here wil dat ons pret moet hê – Hy het vir ons die lewe gegee en dit in oorvloed.
*Q:* Ek weet nie van 'n goeie Q-woord nie – maar daar is niks wat die Here nie weet nie.
*Red:* Hy red ons van ons sonde.
*Sag:* Sy las is lig en sy juk is sag.
*Tekens:* Oral is tekens van God se Almag.
*Uur:* Die Here is elke uur van elke dag met my.
*Vader:* Hy is my Vader.
*Weer:* Hy kom weer!
*X'sies:* U verander al my x'sies in regmerkies.
*Ydellik:* Ek sal sy Naam nie ydellik gebruik nie.
*Z:* Hy is die Alfa en die Omega.

Jesus Christus is die Alfa en die Omega – in die Griekse alfabet is Alpha en Omega die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. Die oorspronklike tekste van die Nuwe Testament is geskryf in Grieks.

Hierdie frase wys dus op God wat ewig bestaan. *Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige* (Openbaring 1:8, AFR53). *Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste* (Openbaring 22:13, AFR53).

Hierdie is die goeie nuus tot aan die einde van die Bybel en tot aan die einde van ons bestaan en daarna wanneer ons by God aansluit. Wanneer ons bid tot God, die Almagtige, bid ons vir ons God wat is, ons God wat nog altyd daar was, en ons God wat saam met ons die toekoms tegemoet loop – gister, vandag en môre!

ooooOOOOoooo



# Leer jou kind die waarde van gebed.

*Marietjie Schutte*
*NHSV Streekvoorsitter Noord-Kaap-streek*
*Gemeente Vaalharts*

**Hoekom sukkel ons en soek ons soms na woorde wanneer ons bid? Dit is ’n vraag wat baie gevra word deur sowel volwassenes as kinders, want gebed is baie meer as net ’n paar woorde wat afgerammel word of ’n paar aangeleerde sinne.**

Leer jou kinders dat God die bron van alles is. Alles begin en eindig by God. So ook gebed.



*Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees* (Markus 11:24, AFR83).

Watter wonderlike vertroosting dat ek met álles na God kan gaan, dat ek nie alleen die uitdagings of probleme op my pad die hoof hoef te bied nie, en dat Hy in beheer is van my lewe!

God belowe aan al sy gelowige kinders om te luister wanneer ons met Hom praat – dikwels in gebed.

Kinders sê soms hulle kry nie die antwoord of uitkoms waarvoor hulle gevra het nie, of is ongelukkig oor die wyse waarop hul gebed verhoor is, maar agterna beskou, kom hulle dalk agter dat die Here se wil ’n beter uitkoms was as waarvoor hulle gebid het.

God werk op sy eie manier en tyd, al wil ons soms onmiddellik ’n antwoord op ons gebede hê. Leer jou kinders dat ons nie bang hoef te wees om met ons versoeke, nood en probleme, bekommernisse, siektes en seer na God te gaan nie. Net so moet ons ook onthou om God te dank wanneer Hy uitkoms gegee het.

Daar is verskillende soorte gebede. Ons bid –

- wanneer ons angstig of bang is;
- wanneer ons bemoediging en leiding nodig het;
- wanneer ons bedroef, eensaam of depressief is;
- wanneer ons behoefte het aan vergifnis of in versoeking is;
- wanneer ons vermoeid is of behoefte het aan vrede;
- wanneer ons in siekte en pyn is; of
- wanneer ons ons dankbaarheid teenoor God wil uitspreek.

Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

Wanneer ons in nood verkeer of sukkel om ’n oplossing te vind vir ’n probleem, moet ons die Here vra en toelaat om ons te lei. In Jesaja 41:10 (AFR83) sê God*: Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red ek jou.*

*Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee* (Matteus 11:28, AFR83). Watter wonderlike versekering van Jesus Christus vir ons as sy kinders! God hoor as ons bid. Hy trek ons op uit ’n donker gat en plaas ons voete stewig op die grond. Wanneer ons swak is, gee Hy krag en hoop.

Woorde van vertroosting en die koestering en liefde van naasbestaandes ná die dood van ’n geliefde, maak dit makliker vir die persoon wat agterbly, want slegs God kan berusting en vrede gee om die verlies te aanvaar en te verwerk. Ons kan God vra om wysheid te gee om uit ’n moeilike situasie of probleem te kom en om versoekings te vermy.

Wanneer ons mismoedig is en nie meer kans sien vir die lewe nie, moet ons ons na sy Woord wend en bid vir krag om deur elke dag te kom. *Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?* (Psalm 27:1, AFR83).

Dan is daar ook dankgebede waarin ons God dank vir alles wat ons uit sy Vaderhand ontvang en vir die wonderlike skepping waarvan ons ook deel is. Elke keer wanneer ons by die Nagmaaltafel aansit, is dit ’n geleentheid om dankie te sê dat Jesus vir ons sondes geboet het, en ons moet daardie dankbaarheid uitleef.




Soms dink ons as ons gebid het, hoef ons niks te doen nie, maar ons moet steeds óns kant ook bring! Dink byvoorbeeld aan ’n eksamen. Ons kan God nie vra vir goeie uitslae as ons nie ook geleer het nie. As ons glo wanneer ons bid, sal God sy genade in oorvloed aan ons skenk.

Ons moenie bang of skaam wees om in ons eie woorde met God te praat nie, want God is nie iemand met wie ons slegs in hoogdrawende taal mag praat nie. Dink maar aan die onopgesmukte gebedjies van klein kinders.

Toe sy dissipels Jesus gevra het wat om te bid, het Hy vir hulle die Onse Vader gegee wat ons lees in Matteus 6:9-13 – ’n voorbeeld ook vir óns vir hoe om tot die Vader te nader.

Die Christelike geloof berus op die groot wonder dat Jesus gekruisig en begrawe is, ***en*** uit die dood opgestaan het. Hierdie versekering gee sin aan al ons gebede en aan ons toekoms.

ooooOOOOoooo